

Nasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade

Stel jy belang in geskiedenis of het jy dit as vak op skool? Dan het die FAK die ideale geleentheid om jou kennis te toets en uit te brei.

Die FAK stel 'n Nasionale Afrikaanse Geskiedenisolimpiade – 'n aanlyn toets vir leerders van graad 8 tot 12 bekend. Die klem val op Suid-Afrikaanse geskiedenis met drie hoofafdelings, nl. Afrikaanse taalgeskiedenis, Afrikanergeskiedenis en Westerse geskiedenis.

Leerders kan reeds van nou af vir hierdie geskiedenisolimpiade by olimpiade.fak.org.za inskryf. Die toets word in Augustus geskryf.

Dit gee die leerders kans om sekere bronne – soos afrikanergeskiedenis.co.za – deur te werk en hulle kennis te toets. Die bronne sal later bekendgemaak word.

Die geskiedenisolimpiade sal uit twee rondtes bestaan. Die eerste rondte behels 'n aanlyn vraestel wat bestaan uit 150 punte met 150 multikeusevrae – 50 punte vir elke afdeling.

Afdeling 1, Afrikaanse taalgeskiedenis, sal vrae hê oor digters (bv. wie het “Winternag” geskryf? Wie is die digter wat in die see geloop het?), die oorsprong van Afrikaans, die prestasies van Afrikaans (bv. eerste gedig, eerste gedrukte boek, eerste

Afrikaanse Bybelvertaling), Afrikaanse liedjies en Afrikaanse boeke.

Afdeling 2, Afrikanergeskiedenis sal vrae insluit oor die VOC-tydperk, die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog, Republiekwording, asook 1994 en daarna.

Afdeling 3, Westerse geskiedenis, sal die kennis toets oor ontdekkingsreisigers, ontdekkers, die Reformasie, oorloë en revolusies en leiers.

Diegene wat deurdring na rondte 2 skryf 'n aanlyn vraestel waar standpuntstelling, beredenering en algemene kennis getoets word. Om deur te dring na rondte twee moet 'n kandidaat minstens 80% in rondte

1 behaal het.

Alle deelnemers ontvang 'n deelnemersertifikaat. Almal wat deurdring na die tweede rondte ontvang 'n medalje sowel as 'n erkenningssertifikaat.

Pryse sal soos volg wees: Die algehele wenner ontvang R10 000; tweede prys R5 000 en derde prys R2 500. Die wenskool ontvang R10 000 en 'n FAK-Wisseltrofee vir geskiedenis.

Die wenskool sal bepaal word na aanleiding van die hoeveelheid leerders per skool wat deelneem en 'n sekere persentasie ontvang. Alle navrae kan gerig word aan chrisna@fak.org.za

Kleuters geniet poppekas by Kleuterkasteel



Kleuterkasteel het op Vrydag 31 Januarie 2020 na 'n poppekas vertoning gekyk. Daan Myburgh het dit vir die kinders uitgebeeld en almal het dit vreeslik geniet. Leer, speel en lag heeldag by Heilbron Kleuterkasteel.

LEER, SPEEL, LAG... MAAK ONTREM!

Kleuterkasteel
058 853 0930

HENGELKOMPETISIE
29 FEBRUARIE

OP NICCY OOSTHUIZEN
SE PLAAS (MOEDERSDEELPAD)

GROOT PRYSE EN
GELUKKIGE TREKKINGS!

KAARTJIES BESKIKBAAR BY:
Kleuters & Kleuterkasteelkantoor
Kaartjies sal ook by
hek beskikbaar wees.

NAVRAE
058 853 0930

Primêre afdeling presteer tydens atletiekbyeenkoms



Hoërskool Heilbron Primêre Atletiek het Vrydag, 31 Januarie 2020 gaan deelneem aan Laerskool Voorwaarts se Uitnodigingsbyeenkoms in Meyerton. Die kinders het goed presteer en 12 eerste plekke, 6 tweede plekke en 7 derde plekke ontvang.

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553 of kantoore by 058 852 3033.

Elsstraat 44
Heilbron
9650
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldnuus@heilbron.co.za

